# HOOFSTUK 4

## *'N OORSIG TOT ONGEVEER 1892 VAN DIE VESTIGINGSPATRONE VAN DIE VROEë BLANKE NEDERSETTERS IN VEREENIGING SE OMGEWING*

## 4.1 DIE EERSTE BLANKES IN TRANSVAAL

Revil Mason beweer dat die eerste blankes Transvaal in die jaar 1823 binnegekom het. Volgens hom is die eerste huise deur die blankes in Transvaal by Matlwase, wes van Klerksdorp, gebou. Die eerste huis is hier deur die Metodiste sendeling, Hodgson, gebou. Dit het uit 'n enkelvertrek bestaan. Samuel Broadbent, die eerste blanke baba in Transvaal, is vroeg in Julie 1823 gebore.[1]

Hierdie vestiging van blankes in bogenoemde omgewing is 'n paar jaar later deur die Groot Trek opgevolg. Soos wat die Groot Trek ontplooi het sou die blankes hulle regoor die Transvaal, onder andere ook in Vereeniging, vestig.[2]

## 4.2 DIE VOORTREKKERS WAT DIE SUIKERBOSCH-RANDGEBIED BESOEK HET

Die Groot Trek het in 1835 begin toe die trekgeselskappe van Johannes Jacobus (Hans) van Rensburg en Louis Trichardt die Kaapkolonie verlaat het. Andries Hendrik Potgieter het hulle teen die einde van 1835 gevolg en in September 1836 het Gerrit Maritz en sy geselskap ook die Oranjerivier oorgesteek. In 1839 het nog twee geselskappe gevolg, eers Piet Retief se trekgeselskap en ná hom Petrus Lafras (Piet) Uys se trek. Teen die einde van 1838 het die laaste van die groot trekgeselskappe, naamlik dié van Andries Pretorius, die kolonie verlaat.

Die pad van drie trekgeselskappe het almal deur Trans-Oranje tot dieper die binneland ingegaan. Die eerste twee geselskappe, dié van Van Rensburg en Trichardt, het noordwaarts tot in die gebied oorkant die Vaalrivier getrek. Hierdie groepe het hulself teen ongeveer 1836 in die Suikerboschrandgebied bevind. In 1837 het ook Andries Hendrik Potgieter se trekgeselskappe hulle ook in die Heidelbergse omgewing bevind.[3]

---

1 R.J. Mason, ***Origins of the African people of the Johannesburg area***, p.86.

2 Kyk kaart no. 4.1, p.51(a).

3 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg ...***, pp.15-26; F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke ...", p.35; H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika ...***, p.261.

## 4.3 DIE VESTIGINGSPATROON IN DIE OMGEWING VAN DIE KLIP-, SUIKERBOSCHRAND- EN VAALRIVIERE

Die Voortrekkers het 'n bepaalde trekpatroon gevolg. Die trekgeselskappe het op verskeie plekke op die trekpad, vir 'n sekere tydperk, laer opgeslaan. Na 'n aantal dae, weke of maande het die trekgeselskap weer verder getrek. Somtyds het lede van die trekgeselskappe dan agtergebly en nie verder met die res van die trekgeselskap saamgetrek nie. Vir 'n lang tyd is daar in waens en tente gebly.

Na afloop van die veldslag by Italeni in April 1838 het A.H. Potgieter en die lede van sy trekgeselskap wat hom na Transvaal wou volg, in die rigting van die Mooirivier getrek. Hierdie terugtog oor die Drakensberge het tot gevolg gehad dat die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier beset is. 'n Klein aantal van hierdie Potgieter-volgelinge het hulle noord van die Vaalrivier in die Suikerboschrandse omgewing gevestig.

'n Tweede groep besetters het gedurende 1839-1840 in hierdie omgewing aangekom. Dit was kommandant Pieter Daniel Jacobs en sy gevolg wat die Vaalrivier by Viljoensdrift oorgesteek en hulle langs die Suikerboschrand-, Klip- en Blesbokriviere gevestig het.

Die permanente vestiging van Voortrekkers in die omgewing van die latere Vereeniging het, soos hierna sal blyk, eers na 1848 plaasgevind.[4]

## 4.4 DIE TOEKENNING VAN PLASE IN DIE OMGEWING VAN DIE KLIP-, SUIKERBOSCHRAND- EN VAAL-RIVIERE

Aangesien boerdery naas jag die belangrikste ekonomiese bestaansmiddel van die Voortrekkers gevorm het, het die toekenning en besetting van plase in 'n kontensieuse vestigingsaspek ontwikkel. Die stelsel van plaastoekenning op die Hoëveld is na 1840 op 'n geordende wyse deur die Natalse Volksraad beheer. Die landdros vir die hele Hoëveldstreek was Jacob de Klerk en na Oktober 1840 is alle aantekeninge oor plaastoekennings aan hom oorgelaat.

Plaasbesit gedurende hierdie vestigingsfase was 'n voorreg wat op grond van burgerskap toegeken is. Gesinshoofde was op 'n saai- en veeplaas geregtig. Sulke plase is "burgerrecht"-plase genoem. Saaiplase het sterk waterbronne soos 'n rivier of fontein geïmpliseer. Hier teenoor was veeplase ook as droë plase bekend.[5]

---

4 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg*** ..., p.27.

5 Vgl. G. van den Bergh, "Voortrekker plaasbesetting op die Transvaalse Hoëveld: 'n versteurde beeld", ***South African Journal of Surveying and Mapping***, vol. 20, part 7, December 1990, pp.301,303,304.

Voortrekkers het die algemene opvatting gehuldig dat hierdie bogenoemde plase okkupasieplase was en dat hulle sonder meer op plase beslag kon lê. Hierdie opvatting was waarskynlik op die feit gegrond dat hulle grondbesit as 'n natuurlike reg beskou het. Die saaiplaas of woonplaas was gewoonlik die eiendomsplaas, terwyl die veeplaas in die meeste gevalle die leningsplaas was.[6] Dit is opvallend dat die oudste plase gewoonlik waterryk was.[7] Die toekenningsdatums van plase in Vereeniging se omgewing dui ook op die feit dat die plase vir landboudoeleindes uitgesoek is. Die beste saaiplase is eerste uitgesoek. Die plase waarop steenkoolneerslae ontdek is, is ook veel later aan eienaars toegeken, omdat dit waarskynlik nie as saaiplase beskou is nie. Die gunstige natuurlike omstandighede het veroorsaak dat die Suikerboschrandse omgewing een van die oudste bewoonde dele in Transvaal is. Gedurende hierdie vestigingsperiode het baie van die Voortrekkers vir 'n geruime tyd nog in ossewaens en tente gewoon.[8]

Tabel no. 4.1 illustreer hierdie toekenningspatroon van die belangrikste plase rondom Vereeniging in die tydperk 1848-1899. Hierdie plase was baie rof te perd uitgemeet. 'n Uur se ry te perd is beskou as ses myl. Later toe die plase deur gekwalifiseerde landmeters uitgemeet is, is daar gevind dat sekere plase heelwat groter is as wat op die titelaktes aangetoon is. Die surplusgrond is uitvalgrond genoem en deur die regering verkoop.[9] Hierdie bogenoemde 28 plase was almal sowat 3 750 morge groot. Die eienaars moes 10 sjielings per jaar huurpaggeld betaal. Indien die plaas groter as die neergelegde 3 750 morge was, moes die eienaar 2s.6d. vir elke bykomende gedeelte van 100 morge aan die staat betaal.[10]

---

6 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg ...***, pp.29,30.

7 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.27.

8 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg ...***, pp.29,30.


9 Anon., ***Casual memories of an octogenarian Thomas Nicolas Leslie***, ref. no. 03/13558 (unp. manuscript, Vaal Teknorama, Vereeniging, c. 1939), p.33.

10 Vgl. Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Groenboeke van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), band 112: rapport van den Landmeter-generaal, 1884.

Tabel no. 4.1: Plaasbesetting rondom Vereeniging volgens toekenningsdatum gerangskik

| DATUM | PLAASNAAM | NO. | DISTRIK | GROOTTE (morg) | EIENAAR | STEEN-KOOL-DRAEND |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6/9/1848 | Klipfontein | 593 | Heidelberg | 3202 | O. Janse van Vuuren | Nee |
| 1852 | Klipplaatdrift | 601 | Heidelberg | 2985 | S.P. Janse van Vuuren | Nee |
| 23/8/57 | Houtkop | 594 | Heidelberg | 5811 | Staatsgrond vir vestiging van swartmense | Nee |
| 27/12/1858 | Zuurfontein | 591 | Heidelberg | | G.S. Nieuwenhuis | Nee |
| 1/4/1859 | Vlakfontein | 546 | Heidelberg | 5791 | C.J. Beukes | Ja |
| 11/4/1866 | Vyffontein | 592 | Heidelberg | 4774 | S.J. Bronkhorst | Nee |
| 25/11/1868 | Waldrift | 599 | Heidelberg | 1996 | S. Smit | Ja |
| 14/5/1870 | Leeuwkuil | 596 | Heidelberg | 5675 | J.A. Venter | Ja |
| 11/2/1876 | Driefontein (Ou OVS-myn) | 51 | Heilbron | 1778 | J.C. Els | |
| 8/8/1882 | Kruisementfontein | 84 | Heilbron | 5535 | E.S.J. Scheepers | |
| 22/9/1884 | Palmietfontein | 137 | Heilbron | 2473 | H.J. Morkel | |
| 1884 | Uitvlugt | 434 | Heidelberg | 2146 | J.M.C. Horn | |
| 8/1/1889 | Kookfontein | 545 | Heidelberg | | De Beers Consolidated Mines | Ja |
| 5/9/1889 | Zandfontein | 259 | Heilbron | 3590 | Mijn Vereeniging | Ja |
| 5/9/1889 | Bankfontein | 9 | Heilbron | 4315 | C. Herzl; S. Marks | Ja |
| 4/10/1889 | Rietfontein | 152 | Heilbron | 3035 | Mijn Vereeniging | Ja |
| 5/6/1890 | Maccauvlei | 121 | Heilbron | 4298 | Zuid-Afrika | Ja |
| 22/8/1892 | Rietvlei | 153 | Heilbron | 2448 | J.H. Groenewald | |
| 16/5/1893 | Katbosch | 93 | Heilbron | 2937 | L.C. Scheepers | |
| 23/3/1896 | Vaalbank | 219 | Heilbron | 2519 | Mijn Vereeniging | Ja |
| 18/5/1899 | Steyn | 597 | Heidelberg | 578 | N.H. of Geref. Gem. Rustenburg | |
| | Smaldeel | 683 | Heilbron | | | |
| | Panfontein | 437 | Heidelberg | | | |
| | Uitgevallen | 432 | Heidelberg | | | |
| | Wonderwater | 180 | Heilbron | | | |
| | Wonderfontein | 350 | Heilbron | | | |
| | Rietfontein | 251 | Heilbron | | | |
| | Damfontein | 541 | Heidelberg | | | Ja[11] |

11 TAB, Pretoria, Registrateur van Aktes (RAK), band 2682: Vereeniging farms, 1880, {opgedateer in 1928}; Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, Registrateur van Aktes (AKT), band 2/2/1: plaasregisterindeks, s.j.




**Kaart no. 4.2:** **Vestiging van die blankes in Transvaal**

Bron: F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1886: met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing", A. Kieser, (reds.), ***Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis***, jg. 21, vol. 2 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1959).

Die leningsplase is op grond van die volgende voorwaardes aan huurders toegeken:

- Die eienaar was vir die gereelde betaling van 'n jaarlikse huurgeld verantwoordelik.
- Die regering het 'n serwituut op die grond vir paaie gehad.
- Op hierdie grond moes ook plek vir publieke uitspanning beskikbaar wees.
- Daar moes ook voorsiening vir weiding vir vee van reisigers gemaak word.
- Verder was die leningsplase aan alle bestaande en of toekomstige verpligtinge en regulasies, onderworpe.

Vroeër was hierdie gronde nie aan uitspanning onderhewig nie, behalwe wanneer die inspeksierapport dit duidelik gespesifiseer het.

By die toekenning van leningsplase was die minimum huurgeld teen 15 sjielings per plaas en 2s.6d. vir elke 100 morg, of gedeelte daarvan bo 3 750 morg betaalbaar.[12]

## 4.5 DIE EERSTE EIENAARS VAN PLASE WAAROP VEREENIGING UITGEMEET IS

### *4.5.1 KLIPPLAATDRIFT NO. 601*

Klipplaatdrift no. 601 IQ was een van die eerste leningsplase wat in hierdie omgewing toegeken is. Op 10 Mei 1852 is hierdie plaas deur P. Lindeque afgemeet.[13] Die grootte van die plaas was 2 985 morg, 130 vierkante (vk.) rylandse roede. Hierdie plaas is in dieselfde jaar as wat dit uitgemeet is as leningsplaas met akte no. DB 74/120 aan Stephanus P. Janse van Vuuren toegestaan. Hierdie plaas het in die distrik Heidelberg geval.[14]

Op 30 Junie 1859 het Van Vuuren weer die plaas aan Carel August Pretorius verkoop, wat dit weer op sy beurt op 31 Oktober 1881 aan die Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging verkoop het. Hierdie plaas is deur die maatskappy vir die ontginning van steenkool aangekoop. Op 25 November 1897 het die

---

12 TAB, Pretoria, ZAR, band 112: rapport van die Landmeter-generaal, 1884.

13 Kyk kaart no. 4.2, p.55(a).

14 TAB, Pretoria, ZAR, band 112: rapport van die Landmeter-generaal, 1884..

steenkoolmaatskappy 2 956 morg vk. rylandse roede aan Vereeniging Estates vir die vestiging van die dorp Vereeniging verkoop.[15]

### *4.5.2 LEEUWKUIL NO. 596*

Die plaas Leeuwkuil is op 13 April 1865 deur G.H. Grobler uitgemeet. Dit was 5 675 morg, 300 vk. rylandse roede groot en is op 14 Mei 1870 ook as leningsplaas, met akte no. DB 6673, aan Johan Adriaan Venter toegeken. Hierdie plaas het onder die distrik Potchefstroom geressorteer.

Die plaas Leeuwkuil is op 21 Januarie 1882 aan die Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging oorgedra. Op 25 November 1897 is die plaas aan Vereeniging Estates oorgedra. Dit was veral op hierdie plaas waarop die dorp Vereeniging later sy beslag gekry het.[16]

## 4.6 DIE ONTDEKKING VAN STEENKOOL LEI 'N NUWE ONTWIKKELINGSFASE IN

Die dorp Vereeniging het sy ontstaan hoofsaaklik aan die ontdekking en ontginning van steenkool te danke. Die eerste erwe is in Johannesburg gedurende 1892 verkoop.[17] Voor die ontdekking en ontginning van steenkool het die aanplanting van verskillende oesgewasse ook 'n vername rol in die vestiging van blankes in Vereeniging en omgewing gespeel. Vir landboudoeleindes was daar voldoende water, vrugbare grond en die nodige goedkoop arbeid beskikbaar.[18] Vanweë die geskiktheid van die grond in Vereeniging en omgewing vir die aanplanting van verskillende oesgewasse, het baie trekkers besluit om hulle hier te vestig.[19] Die lewe van hierdie landbougemeenskap het alreeds sedert 1880 as gevolg van die steenkoolmynbedrywighede radikaal verander.[20] Die ontdekking van steenkool het die

---

15 Aktekantoor, Pretoria, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621: Klipplaatdrift eienaarsregister; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.55.

16 Aktekantoor, Pretoria, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599: Leeuwkuil eienaarsregister; kyk ook tabel no. 4.1, p.55.

17 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.55.

18 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.28.

19 Kyk ook p.53.

20 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.28.

grondslag van die industrialisasieproses in Vereeniging gelê. Hierdie industrialiseringsproses was Sammy Marks se groot ideaal vir Vereeniging.[21]

## 4.7 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie nedersettingspatroon van die blankes in Vereeniging se omgewing, is dit duidelik dat hulle soos grondhonger nomade byna ongebonde plase beset en ontruim het. Hierdie veeboere en landbouers het plase slegs op die bewerkbaarheid van die grond, die standhoudendheid van die waterbronne, en die weidingspotensiaal getakseer. Hierdie ingesteldheid het veroorsaak dat die saaiplase eerste beset is. Ten spyte van die hoë omset van plase het 'n permanente en digte vestigingspatroon aan die oewers van riviere voorgekom.[22] Hierdie bogenoemde voorkeure en die gunstige omgewingsfaktore het veroorsaak dat die plase in Vereeniging se omgewing na 1848 permanent beset is.

Die lewensomstandighede van hierdie klein landbougemeenskap het egter met die ontdekking van steenkool radikaal verander.

---

21 Vgl. hoofstuk 7, p.240; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.222.

22 Vgl. G. van den Bergh, "Voortrekker plaasbesetting ...", pp.309,310.



**Foto no. 1:** **G.W. Stow, 1822-1882**

Bron: R.L. Leigh, Vereeniging: South Africa (Johannesburg, Courier-Gazette, 1968).